**1 Korinthiers 12:12-30**

**Tema: Struikelblokke in die weg van kerkgroei**

## Inleiding

Broers en susters, baie van ons gereformeerde gemeentes is besig om ernstig te kwyn. Eens lewenskragtige gemeentes in ons kerkverband kan nie langer predikante onderhou nie, en baie gemeentes het oor die afgelope twee dekades gesluit. Allerlei redes word gewoonlik hiervoor gegee: demografiese verskuiwings onder die blanke gemeenskap, verstedeliking, dalende geboortegetalle, sekularisasie en die aantrekkingskrag van charismatiese kerke. Hoewel hierdie faktore sekerklik ‘n rol speel in die agteruitgang van ons kerke, is dit ook belangrik dat ons ernstige selfondersoek doen. Teveel redes klink meer na goedkoop verskonings, na pogings om onsself van blaam te onthef. Instede daarvan om werklik krities na binne te kyk word allerlei eksterne faktore al te gemaklik uit die mou gepluk. Vanuit ‘n geloofsoogpunt moet ons vra: Hoe kan dit ooit gebeur dat die liggaam van Christus kwyn? Is die kerk dan nie die tempel van die Heilige Gees nie? Het die Heilige Gees dat nie geestesgawes aan die kerk gegee waarmee ons kan woeker en werk nie? Hoe kan iets wat sy ontstaan uit God self het ooit kwyn?

As ‘n mens Paulus se brief aan die gemeente van Korinthe lees, is dit opvallend dat daar by hom diepe kommer heers oor die voortbestaan van die gemeente. Hoewel Paulus in sy briewe die kerk as die volk van God beskryf bespeur ons by Paulus geen ongeergtheid oor die voortbestaan van die gemeente nie, ook nie ‘n valse gerustheid of ‘n gevoel van gearriveerdheid nie. Hy weet dat die kerk midde in ‘n geestelike oorlog staan en dat geestelike oerloe ook slagoffers het. Hy weet dat Christus die gemeente van Korinthe uit sy mond kan spoeg, netsoos Hy met die gemeente van Loadisea gedoen het.

Wanneer sterf gemeentes? Ons kan dalk die afsterwe van ‘n gemeente vergelyk met die afsterwe van ‘n liggaam. In ons teksgedeelte noem Paulus drie struikelblokke wat die voortbestaan van die gemeente van Korinthe bedreig. Hy beskryf hierdie struikelblokke aan die hand van die welbekende beeld van die kerk as liggaam van Christus. ‘n Liggaam is ‘n organisme wat uit verskillende ledemate en organe bestaan. Die uitstaande kenmerk van ‘n liggaam is dat dit nie uit afsonderlike stukke of dele bestaan nie, maar alleen behoorlik kan funksioneer as elke ledemaat sy spesifieke funksie verrig. As die ledemate en organe van ‘n liggaam egter nie meer saamwerk nie, begin die liggaam disintegreer. Bv.. wanneer jou eie immuunstelsel jou organe begin aanval kan jy baie siek word. Of as die brein ophou om impulse deur te stuur na jou hart, kan jy onmiddelik sterf. ‘n Gesonde liggaam word gekenmerk deur kohesie en samewerking tussen brein, sintuie, senuweestelsels, spiere, organe en ledemate. ‘n Siek liggaam word egter gekenmerk deur disfunksionele en wanfunksionerende liggaamsfunksies.

In ons teksgedeelte spreek Paulus drie struikelblokke in die weg van kerklike eenheid aan:

- Diegene wat hulleself onttrek omdat hulle onwaardig voel (14-16)
- Diegene wat alles wil wees (17-20)
- Diegene wat niks met ander te doen wil hê nie (21-26).

**1 Die gevoel van onwaardigheid**

In Korinthe was daar lidmate wat gesê het: “ek is ‘n voet nie ‘n hand nie, daarom is ek nie deel van die liggaam nie”. Nou moet ons deeglik let op hoe hierdie lidmate hullself gesien het: Ek is maar net ‘n voet. Die voet is laag in die liggaam – daaronder – mense sien dit nie raak nie. As jy na iemand anders kyk, kyk jy na sy gesig nie na sy voete nie. Die voet is ook glad nie so vaardig as die hand nie. Met ‘n hand kan jy baie dinge doen. Jy kan vat, optel, gooi, skryf, skilder,werk, noem maar op. Maar met die voet kan jy net loop en skop. “Ek is ‘n voet, nie ‘n hand nie”. So iemand sê dus: ek is laag en eenkant- uit die

gesigsveld – ek is nie opvallend nie.  As ek kom tee drink sien niemand my raak nie.  Ek is nie so begaafd en bruikbaar soos ander mense nie.  My gawes is maar min.

Omdat my gawes min is, voel ek nie deel van die liggaam nie. Daarom hou ek myself eenkant.  Wat is die probleem met hierie stelling?  Die implikasie is dat die kerk van die Here net bestaan uit lidmate wat uitnemende gawes het – lidmate wat die gawes het om ouderling en diaken te kan word – wat welsprekend is – wat besonder intelligent is – wat in 'n vergadering kan opstaan en sy woord doen – wat insig en oordeelsverme het – na wie ander lidmate opsien.  Daarom is ek nie deel van die gemeente nie:  ek voel eenkant, ek voel nie deel nie, ek het nie die vrymoedgheid om in te skakel nie. Maar nou is hierdie gesindheid dodelik gevaarlik vir die voortbestaan van die Here se kerk.

Dit was die probleem in Korinthe en dit is vandag nog die probleem in baie gemeentes.  Baie lidmate is onbetrokke weens 'n gebrek aan vrymoedigheid. Hulle swak selfbeeld weerhou hulle daarvan om hul volle potensiaal te bereik. Wie is ek om ouderling te wees? Wie is ek om leiding aan die jongmense te gee? Wie is ek om kategeet te wees?  Waar begin dit alles?  Dit begin by die sondige gesindheid:  Ek is maar net 'n voet, nie 'n hand nie!

In vers 15 se Paulus:  "As die voet sou sê:  Omdat ek nie 'n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie", hou hy om die rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie.  Anders gestel:  Selfs al is jy net 'n voet, is jy deel van die liggaam.  Selfs al het jy min gawes ontvang, bly jy deel van die gemeente netsoos die lidmaat wat baie gawes ontvang het.  Dit is die werklikheid!  Die Here sê:  Jy is deel van die gemeente!  Christus het vir jou gesterf!  Die Heilige Gees het die geloof in jou gewerk en jou ingelyf in die liggaam van Christus!  Voor die Here is almal gelyk en ewe belangrik.  Dit maak dus nie saak hoe jy jouself sien of oor jouself voel nie, dit verander niks aan die werklikheid nie- jy is en bly deel van die gemeente.

Dit mag dalk wees dat ander mense meer gawes en uitnemender gawes as jy het, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee aan elkeen.  Meer gawes maak jou nie meerderwaardig nie, en minder gawes maak jou nie minderwaardig nie, want

jou gawes kom nie uit jouself nie, maar dit kom van God. God skape die hand en Hy skape die voet. Altwee is nodig vir die funksionering van die liggaam. Sonder die voet kan die liggaam nie maklik beweeg nie. Die vraag is dus nie: Hoe baie gawes het ek nie?, maar wel: Watter gawes het ek, en hoe kan ek dit gebruik? Watter taak vertrou die Here aan my toe?

**2 Diegene wat alles wil wees**.

Vanaf vers 17 spreek Paulus die lidmate aan wat alles wil wees. Hulle verstaan nie dat die liggaam van Christus uit ‘n verskeidenheid van ledemate bestaan nie. Nee, hulle wil die hele liggaam wees. Alles moet om hulle draai. In Korinthe was daar lidmate wat dit nie kon verdra om uit die kollig te wees nie. Daarom het hulle die eredienste probeer oorneem deur in tale te praat, te profeteer. Hierdie lidmate het geglo dat die gawe om in tale te kan praat baie belangrik is. Dit is ‘n teken dat die Heilige Gees in jou werk.

Paulus vra die vraag: Kan die hele liggaam oog wees? Die oog is seker die mees aantreklike liggaamsdeel. In die bybelse tye is ‘n vrou se skoonheid veral gemeet aan haar oë. Ons lees byvoorbeeld dat Jakob vir Lea onaantreklik gevind het omdat sy dowwe oë gehad het, terwyl Ragel vir hom mooi was. Glansende helder oë met baie vuur was die hoogtepunt van vroulike aantreklikheid. Ons oë vorm die middelpunt van ons persoonlikheid. Mense erken ons op grond van ons oë, wanneer iemand met jou praat kyk hy in jou oë, ons emosies word duidelik sigbaar in ons oë.

Maar nou, sê Paulus, kan die hele liggaam ook nie oog wees nie. As almal net wil profeteer, as almal net in tale wil praat, is dit soos ‘n liggaam wat uit net een ledemaat bestaan. As almal oog is sal die gemeente nie meer as ‘n liggaam funksioneer nie. Meer nog, dit sou beteken dat die oog op ‘n verwronge wyse verheerlik word. Nee, die liggaam bestaan uit ‘n verskeidenheid van ledemate wat mekaar aanvul. Daar is sekere normale funksies wat uitgevoer moet word anders kan die liggaam nie lewe nie. Die liggaam het elke sintuig nodig, oog,

oor, neus, smaak, gevoel. As elke sintuig nie behoorlik funksioneer nie, word die liggaam gestremd.

Die uiteindelike beslissing oor elke een van ons se plek in die liggaam van Christus word deur God gemaak. Dit berus nie by ons nie. God stel die liggaam saam en bepaal die plek van elke lid. Daarom mag die een lid nie die ander lid beny of die ander geringskat of verag nie. Elke lid het van God ‘n opdrag wat hy moet uitvoer in diens van die liggaam. Daarom, broer en susters, is dit belangrik dat ons besef dat ons deel is van ‘n groter span. ‘n groter saak, ‘n groter liggaam. Een van die redes waarom ons kerke kwyn is omdat ons gemeentes so maklik verval tot predikantskerke. Die predikant word die ledemaat waarom alles draai. Hy reël alles, lei alles, besluit oor alles, doen alleen al die besoeke van siekes en bejaardes, terwyl die res van ons met ons daaglikse lewens aangaan. Die gemeente se lewe sentreer dan nie meer rondom God en sy Woord nie, maar om die charismatiese eienskappe van die predikant. Die predikant word as te ware die oog waarom alles draai. En as die predikant vertrek, of siek word, of nie dalk nie so effektief in sekere take is nie, val die gemeente plat. Maar broers en susters, ‘n predikantskerk is gedoem. ‘n Liggaam kan alleen behoorlik funksioneer as elke ledemaat, orgaan en sintuig behoorlik funksioneer. Sonder die ouderling, diaken, orrelis, koster, groepleier, wyse bejaarde, spontane jongmens, vrolike grapjas, die getroue bybelstudieganger, die diepsinnige denker, die knap vrou, die offervaardige teeskinker, die tegniese vaardige, die warm en empatieke persoon, die persoon met baie deursettingsvemoe, die kunstige, die finansieel kundiges ens kan die kerk nie behoorlik funksioneer nie. Nee, vir die kerk om te oorleef moet elke sintuig, ledemaat, orgaan, selfs die kleinste spiertjies doeltreffend funksioneer.

**3 Diegene wat hulleself afskei an ander**

Ons het reeds gepraat oor die lidmate wat hulleself onttrek omdat hulle minderwaardig voel. Maar nou waarsku Paulus in verse 21-25 ook teen die gesindheid van sommiges om hulleself af te skei van ander lidmate omdat hulle neersien op ander.

Eerstens was daar rasse en klassespanning in die gemeente. Die Jode in die gemeente het hulleself afgeskei van die Grieke en die slawe in die gemeente, omdat hulle gemeen het dat hierdie mense minder geloofskennis gehad het, en van ‘n laer sosiale status sou wees. In 1 Korinthiers 11 lees ons dat sommige van die gemeentelede by die gemeenskapsmaaltye nie hulle kos wou deel met die slawe en die armes nie. Die gevolg was dat die slawe en die minder aansienlike lede van die gemeente hulleself aan die gemeente se aktiwiteite begin onttrek het, omdat hulle uitgestote gevoel het.

Paulus wys ons egter in vers 21 daarop: Ons as gelowiges het mekaar nodig. Die oog kan byvoorbeeld nooit sê dat hy die hand nie nodig het nie. Die kop kan nooit vir die voete sê: Ek het jou nie nodig nie. Nee, God het aan elkeen van ons ‘n plek in die gemeente toegewys, sodat ons onderling afhanklik van mekaar sal leef en gekoordineerd sal wees in ons werking. Geen lid in die liggaam is ooit oorbodig nie. Ook daardie lid wat moontlik as swakker beskou word, is noodsaaklik vir die lewe van die geheel. Dink maar aan die spiere in jou liggaam Daar is klein spiere in ons liggaam waarvan ons normaalweg nie eers kennis neem nie. Maar wag totdat jy daardie klein spiertjie skeur. Dan is jou hele liggaam gekortwiek.

Met ons liggame is dit so dat ons sekere dele met klere bedek en ander nie. Sekere liggaamsdele het versorging, beskerming en versiering nodig, ander nie God het sy kerk se liggaam so saamgestel dat sekere ledemate geen bedekking nodig het nie, terwyl aan ander ledemate meer sorg bestee moet word. Hy dwing die sterker lede om vir die swakker lede te sorg en tyd aan hulle te bestee. So leer ons ware liefde, selfverloening en opoffering. Christus is hierin vir ons ‘n voorbeeld. Hy het baie van sy tyd bestee aan die swakkes en afhanklikes soos die siekes, gestremdes, kindertjies en tollenaars. Nie net mag ooit geen lid uit die liggaam uitskakel nie, maar ons het ‘n onderlinge verpligting en verantwoordelikheid wat noodsaaklik is vir die werking van die liggaam.

In die gemeente van Korinthe het die mense egter verby mekaar geleef. Elkeen wou homself verhef, en het verby sy medegelowiges geleef. So het hulle hulle

verantwoordelikheid teenoor hulle medegelowiges en die liggaam van Christus versuim.

Broers en susters, hoe is dit met jou gesteld? Maak jy moeite om soms met die sieklike bejaarde'n geselsie aan te knoop? Dink jy ooit aan die arme? Sien jy die onsekere skaam tiener raak, toon jy ooit enige belangstelling in die alleenlopende. Of meng jy by die kerk net met jou vriende? Vermy jy wyksbyeenkomste omdat jy dink dat die ander wykslede jou irriteer of nie jou verstandelike vermoens het nie, of maak jy erns om daardie mense met empatie te behandel en die swakkes aan die rand van die kerk in te trek in die gemeenskap van gelowiges?

Met ons doop het die Heilige Gees ons ingelyf in die liggaam van Christus. Letterlik staan daar dat ons almal in een Gees gedoop is tot een liggaam Die Heilige Gees het in ons die geloof in Christus gewerk, Hy het aan ons geestesgawes gegee en Hy bly in elkeen van ons. Deurdat dieselfde Gees in elkeen van ons woon en werk bestaan daar 'n onlosmaaklik band van eenheid tussen ons as gelowiges. 'n Band van eenheid netso intiem as die werking van 'n liggaam. Hierdie nuwe liggaam oorbrug alle godsdienstige en nasionale grense. Jood, Griek, slaaf en vryman word tot 'n eenheid saamgevoeg. Jou doop dwing jou en dring jou om jou broer en suster in die geloof op te soek.

**Slot**

Aan die begin van die preek het ons gevra: Waarom sterf kerke? Kerk sterf wanneer onenigheid, liefdeloosheid en 'n gebrek aan ywer die liggaam van Christus binnetree. Kom ons veg teen die drie struikelblokke vir die eenheid van die liggaam: die geneigdheid om onsself te onttrek omdat ons minderwaardig voel, die geneigdheid om alles te wil wees, die geneigdheid om onsself van die swakkes af te skei omdat ons op hulle neersien. God het aan elkeen van ons 'n plek in sy liggaam gegee. Vra jouself af: Wat is my plek? En begin dan werk….Weet verseker: waar die liefde en ywer brand is die Gees van God werksaam en is daar geestelike groei. Werk in diens van God dra altyd vrug. Amen